Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die K.G. se toespraak op Maitland bevat 'n uitnodiging aan die opposisie om saam te werk in geval van 'n moontlike verkiesing.*

Die O.B.

*Die Burger se verslaggewers was teenwoordig op die vergadering, maar die toespraak word deur die blad verswyg. Waarom?*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 28 JUNIE 1944. No. 32.

# Uitnodiging In Geval van Moontlike Verkiesing

## VRYE BELASTING VIR 8 AUGUSTUS

'n Buitengewone geesdrif vir 8 Augustus is vanjaar waarneembaar. Van oral kom berigte in van kommando's wat op die hoogste kerf werk om op verlede jaar se prestasie te verbeter. 'n Kommandant deel mee dat hy een aand 'n besoek aan drie huise gebring het, en dat hy met £16 vir die fonds terug is. Hierdie kommandant en sy offisiere volg die metode om hul lede 'n vrywillige belasting op te lê. Elkeen betaal volgens sy vermoë, en elkeen is maar te bereid om sy volle bedrag te stort. So was 'n verteenwoordiger van Die O.B. teenwoordig waar 'n jong man deur sy veldkornet aangespreek is vir sy „belasting''. Dit blyk toe dat die jong man weens 'n misverstand reeds £5 betaal het by 'n hoër offisier in sy kommando, maar sonder verdere beswware onderneem hy dadelik om die helfte van sy inkomste binne 'n bepaalde tyd by te dra as 'n verdere vrywillige belasting. In elk geval sal dit nie minder as £5 beloop nie. Hierdie jong man het dus nog voor die funksie al £10 bygedra.

Offisiere in boere-afdelings waar groot oeste vanjaar verwag word, meen dat die boere 'n groot deel van hul ekstra-inkomste aan die 8 Augustusfonds sal afstaan as vrywillige belasting in belang van die stryd om mag. Hulle verklaar dat as die O.B. moet ondergaan teenoor die kommunisme, die boere in elk geval alles gaan verloor wat hul nou besit.

## SOSIALISME WEN OOK IN KANADA

Die ou demokratiese partye in Kanada het verlede week groot geskrik toe 'n sosialistiese party wat deur hulle in die verlede geminag is, ewe skielik met 'n geweldige oorwinning in een van die provinsies te vorskyn gekom het. Die pers het aangekondig dat hy 47 uit 52 setels in Saskatchewan verower het. Die Liberale Party het net vier gewen en die Konserwatiewe Party niks. Een uitslag was nog onbekend.

**Hier het ons 'n verdere bewys van die Ossewabrandwag se stelling dat die toekoms van die wêreld sosialisties is. Die ou demokratiese partye se tyd is verby. Die vraag is net gaan dit 'n nasionale sosialisme wees of 'n anti-nasionale sosialisme, d.w.s gaan dit Ossewabrandwag wees of kommunisme.**

## BURGERSDORP STREWE VANJAAR HOËR

'n Baie aangename en suksesvolle funksie is gehou te Burgersdorp op Woensdagmiddag, 7 Junie. Jukskeikompetisies is gehou en aan die wenners is pryse uitgedeel, waarmee hulle baie tevrede was. Verversinge is gretig opgekoop deur die jukskeispelers

**Die doel van hierdie funksie was om fondse in te samel vir Fondsdag (8 Aug.). Die plaaslike kommando beoog om hierdie jaar baie meer as in die verlede in te samel.** Komdt. Douw Smit, komdte. mev. M. van Rooy en jeugkomdt. W. van Rooy gaan eendragtig hul kragte inspan.

**'n Verblydende teken is dat baie nie-O.B.-lede hul ondersteuning aan ons saak gegee het.**—(Ingestuur.)

## O.B. Selfstandige Faktor sê Kommandant-Generaal

### Lyding en Stryd van Volksbeweging Sal Besieling Wees vir Nageslag

**Die Ossewabrandwag het geword een van die sterkste volkspolitieke magsfaktore in die land wat binnekort aan die mag sal kom; geen opposisie kan 'n verkiesing wen sonder sy medewerking nie. Waar dit die geval is, is die Ossewabrandwag bereid om sy steun agter 'n opposisiegroep in te gooi teen die Empire-bewind in geval van 'n verkiesing, maar dan moet daardie steun nie by die agterdeur gesoek word nie, maar by die voordeur van die Ossewabrandwag, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Donderdagaand op 'n groot vergadering op Maitland gesê.**

Die Kommandant-generaal het ten aanvang verwys na die onlangse voorval in die kantoor van die Kruithoring-redakteur, en 'n brief voorgelees van 'n aantal politieke gevangenes in die tronk, waarin hulle aanbied om die



boete vir die seun te betaal wat die redakteur die opstopper gegee het. **„Gee ons die geleentheid om die boete te betaal, en stuur die rekening aan: politieke gevangenes, Pretoria-Sentraal'', lui dit in die brief. Die K.G. het met die hoogste waardering gespreek van die gees wat daar by die politieke gevangenes in die tronk heers. Dit is bewys dat hierdie Beweging nie vernietig kan word nie, het hy onder toejuiging gesê.**

Die K.G. het verklaar dat niemand so goed in staat is om die krag van die Ossewabrandwag te ken as hy nie. Hy is voortdurend op reis deur die land. In die afgelope paar weke was hy aan die Limpopo, aan die Portugese grens in Natal, in die Vrystaat en in Oos- en Wes-Kaapland, en oral waar hy kom, merk hy die toenemende krag van die Beweging. U het gewen, en u weet dit nie, het hy verklaar. Die Ossewabrandwag het 'n stryd gevoer soos geen ander organisasie sedert 1902 gedoen het nie. **Waar die spit teen die Empire afgebyt moes word, het die Ossewabrandwag dit gedoen. In elke kamp en tronk het die O.B., en hy alleen beland, en vandag staan hy sowel binne as buite die tronk sterker as ooit. As dit dan so is, is dit 'n bewys dat die Ossewabrandwag 'n Beweging is met 'n siel.** Die Ossewabrandwag het deel geword van ons geloof, en daardeur is ons geloof verryk, want wanneer die mens glo aan sy roeping, maak dit sy geloof sterker. Maar dit is nie net spr. wat bewus is van die Ossewabrandwag se krag nie, ook ons vyande erken dit, het die K.G. gesê en voorgelees uit die Arbeidsbulletin van die Arbeidersparty wat vyf bladsye vol wy aan die O.B. Die blad verklaar dat die O.B. 'n heeltemal anderse beweging is as vyf jaar gelede en dat hy vandag onder leiding van vasberade manne 'n groot gevaar vir die Labour Movement en die demokrasie geword het. **Hierdie artikel is deur 'n vyandige geskryf, maar ek verseker u dat wat hy hier sê die waarheid is. Ook die offisiere uit alle dele verklaar dat die saak van die O.B. besig is om vinnig reg te kom.**

**ONS HELDE**

U het vanaand hier gesing: „Die stryd wat ons vaders begin het, sal woed tot ons sterf of gewin het; dit is die eed van jong Suid-Afrika''. Hierdie woorde het slegs betekenis as u dit waaragtig bedoel. **En as u dit bedoel, kan u nie vir rampokkers uitgekryt word nie. Die stryd van die voorgeslagte word oorgedra aan die toekomstige geslagte. Dit is nie net die plig van die nageslag om monumente vir die voorgeslag te bou nie, maar om self hul stryd voort te sit tot die eind-**

(Vervolg op bls. 2, kol 2)

## ITALIË NOU SOLIED KOMMUNISTIES

Uit Londen berig die korrespondent van The Guardian verlede week as volg: „Die korrespondent in Rome van die Londense Times meld van die geweldige gewildheid wat die idee van kommunisme onder die Italiaanse volk verower het met behulp van die Rooi Leër se oorwinnings. Persone in Italië verklaar dat die hele land solied kommunisties is, sowel boere as werkers. Die opvattings wat in omloop is, is dat Engeland en Amerika as ryk lande geen begrip het van 'n arm land soos Italië nie. Maar Rusland, wie se regering vir die proletariaat veg, sal Italië se vriend wees in die komende tydperk van Europese geskiedenis.''

Hier het ons dus nog 'n sterk bewys van hoe die demokrasie geen keuse teen die kommunisme bied nie, maar slegs die weg voorberei vir Moskou deur hul bevegting van die nasionale, sosiale gesagstaat. Die demokratiese leërs het Italië „bevry'' van fascisme, dog in die piek daarvan het nie demokrasie nie, maar kommunisme verrys.

Ook in Suid-Afrika is die keuse Ossewabrandwag of kommunisme. 'n Keuse vir die demokrasie is 'n keuse vir kommunisme.

## £200 BEMAAK AAN NOODHULPFONDS

Die Finansiële Hoofkwartier berig dat 'n bedrag van £200 van die eksekuteurs in die boedel van wyle mev. M. E. Brink van Roodepoort, Transvaal, ontvang is, synde 'n spesiale bemaking aan die Noodhulpfonds in die testament van die oorledene wat 'n lid van die Vroue-kommando van Roodepoort was. Sy was getrou tot in die dood. Ons eer haar nagedagtenis.

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.

drosdy die rypste tabak bekend.



**W. VOIGT (Eiens.) Ppk**

Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

*PLUIMVEE*

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**BETSJOEANALAND ! !**
(VRYBURG)

Direkteure: Senator I Raubenheimer en A. C. du Plessis.

PLASE ! ERWE ! ! HUISE ! ! !
GELD ! ! !

Wil u 'n plaas of huis koop of verkoop, huur of verhuur? raadpleeg die ou

BETSJOEANALAND (VRYBURG) STOCK FAIRS (EIENDS.) BPK.,
40(a) du Plessis Geboue, Markstraat.
Posbus: 170 — Telg.: „Fairagent."
V R Y B U R G.

**DE KOCK SE GARAGES**

Foon 110
Voortrekkerstraat,
MIDDELBURG,
Transvaal.

Foon 10
Herefordstraat,
GROBLERSDAL,
Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS !*

V.M.K. AANBEVEEL.

**OLIVIER BROS.**

MÔREMARK
NEWTOWN
JOHANNESBURG

STUUR U PRODUKTE AAN U MEDE-AFRIKANER VIR BESTE RESULTATE en ONMIDDELLIKE AFREKENING.

Posbus 5923. Foon 33-5530.

**MARKAGENTSKAP**

VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

# *Uitnodiging tot Samewerking in Verkiesing*

(Vervolg van bls. 1, kol 3)

**oorwinning.** As dit so is, en dit moet so wees, dan vra ek u wie sit vandag die stryd voort van die vorige geslag wat in kampe en tronke gely het? **Is dit nie die Ossewabrandwag wie se lede in Koffiefontein, in Pretoria-Sentrale Gevangenis, in byna alle tronke van Transvaal, in Bloemfontein, Port Elizabeth, Durban en Kaapstad beland het nie?** Hulle mag sê dat u 'n klomp woestaards is, maar u mag nie toelaat dat u helde deur die slyk gesleep word nie. **As daar 'n element in ons land is wat waaragtig met verantwoordelikheidsbesef opgetree het, was dit u. Op 'n tyd toe honderde Afrikanerstryders in die Empire se tronke beland het, het u, en u alleen, maar as £50,000 ingesamel om vir die duisende kindertjies te sorg wat vaderloos gestel was. Daarmee het u getoon dat u u verantwoordelikheid as Afrikaner besef.**

U moenie dink dat alle helde gestorwenes moet wees nie. Elke geslag lewer sy eie helde wat lewe, en die helde en heldinne van die huidige republikeinse stryd vind u binne die Ossewabrandwag; dit sal hul name wees wat eenmaal in die geskiedenis onthou sal word. **Nie uit die praatjies in die parlement sal die nageslag besieling vind nie, maar uit die dade van jong helde soos Julian Visser, Henk Pretorius, Van Blerk en andere. Daarom gaan die O.B. vanjaar heldedag by Koffiefontein vier.** (Groot toej.). Veertig jaar gelede het ons A.K.G. en genl. Rousseau in Kaapland die wapen opgeneem. Hulle is seker toe ook deur sommiges as rampokkers beskou. Vandag veg hulle nog, maar baie van hul geslag lewe nie meer nie. Maar hul stryd word deur die Ossewabrandwag voortgesit, deur manne soos oud-generaal ds. Vorster wat vanaand hier sit.

**GREYLING — VISSER**

'n Held van vandag is net soseer 'n held as wat hy dit was in die Vryheidsoorloë. Ons huldig vandag vir Japie Greyling omdat hy, toe hy deur 'n Britse offisier met doodskiet gedreig is, daar in sy angs en verlatenheid geweier het om te sê waar die Boere is. Hy was 'n held. **Maar ons huldig ook vir Julian Visser wat in die doodsel alleen gesit het toe hy besoek is deur 'n politieke speurder wat hom kom meedeel dat hy nie opgehang sal word as hy sê wie sy maats is en wie die bevel gegee het nie. Daar in sy angs en verlatenheid het Julian Visser geweier om dit te doen. Sy antwoord was: „Ek het my vrede gemaak met God en is bereid om te sterf." Julian Visser is 'n held, en hy sal as sodanig deur die nageslag gehuldig word. As ander hom 'n rampokker noem, ons roem hom as 'n held. Hy het presies gedoen wat Japie Greyling gedoen het.** Teenoor hierdie heldedaad van 'n jong Afrikaner wat in sy doodangs geweier het om mede-Afrikaners uit te lewer, staan die parlementêre voorbeeld waar 'n Afrikaanse politikus adv. C. R. Swart, vrywillig aangebied het om te help om mede-Afrikaners weens 'n politieke misdaad aan die galg te bring.

In die afgelope vier jaar het daar byna geen tragedie van politieke aard afgespeel nie of die slagoffer was 'n lid van die Ossewabrandwag of 'n S.J. En as gevolg hiervan, moet die vyand vandag in sy blaaie waarsku dat die O.B. 'n groot gevaar is.

Waarom skrik hierdie mense? Dit is omdat die Ossewabrandwag koers gevat het in die rigting waarin ons heil lê — die Afrikanerwerker in die stad. Die grootste deel van die Afrikanerdom verkeer vandag as werkers in die stede, waar hulle na die pype van vreemdelinge moet dans. Die O.B. vra niks van die werkers nie, maar hy bied hulle die mag aan van 'n sterk volksorganisasie. **Vir die eerste maal in ons geskiedenis skaar die Ossewabrandwag nou agter die werker ook die boer en ander volkskragte wat landswyd georganiseer is. Die werker het nou vir die eerste maal agter hom 'n nasionaal-revolusionêre organisasie wat in elke kamp en tronk bewys het dat jy hom nie kan vernietig nie.**

**UITNODIGING**

Voortgaande het die K.G. verklaar dat die Ossewabrandwag deur sy taaie stryd gegroei het tot 'n selfstandige en sterk volkspolitieke magsfaktor in die land. **Geen opposisie, wie hy ook al mag wees, kan aan bewind kom sonder die steun van die Ossewabrandwag nie. Daardie steun teen 'n gemeenskaplike vyand kan verkry word, maar dan op u terme, het die K.G. gesê. U is nie verleë nie, want u soek g'n setels vir uself nie. U tyd gaan later aanbreek; op die oomblik lê u stryd op buite-parlementêre velde. Daarom is ons selflose steun beskikbaar. U kan dus die terme maak vir samewerking. Diegene wat die O.B. se samewerking verlang, kan by die voordeur kom en nie by die sydeur nie. Hulle moet na die Grootraad kom en hoef nie met plaaslike O.B.-lede in kiesafdelings te probeer konkel nie.**

Die regering se geledere is aan verbrokkel, maar die Ossewabrandwag is in die afgelope jare gehamer tot 'n magneet. Hy gaan verbrokkelde elemente na hom trek. Dit sal egter net die staal wees wat hy trek — diegene met wie 'n mens geskiedenis kan maak. Die res kan na die demokrate gaan. As die Ossewabrandwag praat van mag, dink hy egter nie aan die parlement nie, in elk geval nie solank die noodtoestand duur nie. Die kerk b.v. is 'n mag, maar dit is geen parlement nie. **So is die O.B. tans 'n buite-parlementêre volkspolitieke mag. Die huidige krisis is nie 'n parlementêre krisis nie, maar 'n noodtoestand buite die parlement. Daarom veg die O.B. ook buite die parlement in die noodtoestand. Daarom ding hy nie vandag mee op die parlementêre front nie.** Nogtans is hy bereid om aan enige opposisie aan die parlementêre front sy steun te gee in 'n verkiesing teen die Empire, hoewel dit nie sy hooftaak is nie. Enige gelykgesinde Afrikanerrigting kan daardie steun verkry, maar dan moet nie plaaslik in kiesafdelings gewerk word nie, maar met die Grootraad. Volkseenheid kan net verkry word as die uniale leiding van weerskante ooreenkom. **Keeromstraat kan na die Grootraad kom, want wat mnr. Jan Mielies en komdt. Robertse in Wakkerstroom besluit, hoe goedertrou ook al, bind nie vir Keeromstraat nie, dog wat Keeromstraat en die Grootraad besluit, bind vir mnr. Jan Mielies en komdt. Robertse.**

**EERSTE HOOFSTUK**

U is in die afgelope jare gebrei tot die sterkste magsfaktor in die Afrikanerdom. U is die hoofvyand van die Empire. Honderde bewyse daarvoor vind u vandag nog in Koffiefonteinkamp en in die gevangenisse. U het die spit afgebyt teen die Empire, en

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

as die geskiedenis van hierdie wêreldoorlog eendag geskryf word, sal die eerste hoofstuk van die Afrikanerdom die titel dra: „die Ossewabrandwag". **U kinders gaan besieling put nie uit die parlement nie, maar uit die dade van u Beweging en sy lydende lede in kampe en tronke. U het geword die beliggaming van die Afrikanerdom se verset teen die Empire, en u gaan oorwin.** Ons weet ons gaan wen. Sollie Sachs, wie se reputasie spr. in sy hoedanigheid as Sekretaris van Justisie leer ken het as die mees ervare kommunistiese agitator in Suid-Afrika, het onlangs voor sy kommunistiese party gesê dat dit nou vir hom duidelik word dat jy in hierdie land nie daarin kan slaag om die goedbesoldigde werkers (blankes) te oorreed om by die laagbesoldigde werkers (nie-blankes) te staan nie. **„Na tien en vyftien jaar se stryd, het die Ossewabrandwag gekom en die werkers verpes," het Sachs gesê. U het dus ook op daardie gebied geword die gedugste teenstander. U kan aan die mag kom sonder die ander, maar nie hulle sonder u nie. As hulle die stryd in die parlement wil wen, laat hulle dan openlik na u kom en u hulp kom vra.**

Die K.G. is langdurig toegejuig deur die gehoor wat alle ruimtes in die Ebenezer-saal gevul het.

Die vergadering is gelei deur genl. P. D. Rousseau, en is met 'n kragtige gebed geopen deur ds. J. D. Vorster, wie se naam telkens by noeming daarvan geesdriftige toejuiging uitgelok het.

'n Pragtige skinkbord wat deur veldkt. Schreuder gemaak is, is deur die plaaslike kommando aan die K.G. as geskenk oorhandig.

Die vergadering het die adjunk-A.K.G., genl. J. A. Smith, wat hoewel nog nie ten volle herstel nie, sy plek op die verhoog ingeneem het, langdurig hulde toegebring. Hoofkomdte. A. H. Louw het veral 'n beroep op die vroue gedoen om hul uiterste kragte in te span vir 8 Augustus vanjaar. Dit is by uitstek die dag waarop die vrou moet toon wat sy kan doen, het spr. gesê en die kommando's aangeraai om hierdie paar weke nog harder te werk as tevore. Die flinke O.B.-wag onder aanvoering van wagkolonel H. S. Bosman, het 'n mooi indruk gemaak, terwyl die O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel lewendige marsmusiek verskaf het. 'n Lang dubbele ry van die Boerejeug het as erewag opgetree.

## TOT AAN EINDE GEWERK

In mev. wed. J. H. Hofmeyr, wat op 1 Junie in die ouderdom van 80 jaar oorlede is, verloor Franschhoek se kommando een van sy getrouste ondersteuners. Tot kort voor haar dood was sy besig met naaldwerk vir haar 8 Augustus-bussie. Twee van haar kinders is offisiere in die Ossewabrandwag, t.w. veldkte. Susie Hofmeyr van Franschhoek en hoofkomdt. Jannie Hofmeyr van Amaleinsteyn, Ladismith. Die Ossawabrandwag voel saam met hulle en die ander agterblywendes in hul verlies.

## *BOEREBABAS*

Die Baba-tentoonstelling gehou deur die Vroue-kommando te Bellville, 11 Mei, was 'n groot sukses, en die bedrag van £13 is ingesamel vir 8 Aug.

Die opkoms was uitstekend met ongeveer 60 babas teenwoordig.

Dr. Wolfaard, van Maitland, en vier verpleegsters, wat hulle dienste gratis verleen het, word hartlik bedank, asook mev. dr. Du T. van Zyl, wat 'n woordjie van bemoediging aan die moeders gerig het, wat hulle babas vir die toekomstige Afrikanervolk groot maak.

## *JEUGOFFERS*

Catharina en Robert Nekerman, van Christiana, 13 en 11 jaar onderskeidelik, het by geleentheid van die gesamentlike viering van hul verjaardae (9 en 10 Junie) 'n funksie gehou vir hul maatjies. Hulle het op dié wyse £1 byeengebring wat hulle aan die Noodhulpfonds gestuur het as hul bydrae vir die kindertjies van geïnterneerdes.—(Ingestuur.)

Laat die Erwe van die Vaders,
vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

HUURGELD IS BLOEDGELD

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê, hoe:

Wesrand Eiendoms Verkopings
(Edms.) Beperk

Posbus 26 Foon 62-1115

M A R A I S B U R G

*U MOET DIT LEES !*

**„'N VOLK OP TREK"**

*of*

'N KORT GESKIEDENIS VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE OSSEWABRANDWAG.

*Geskryf in opdrag van die Groot Raad deur*
*PROF. DR. A. J. H. VAN DER WALT,*
(Sekretaris van die Groot Raad)

In die 137 bladsye van hierdie boek vind u die feite omtrent die pynlike broederstryd wat teen die O.B. ontketen is en hoe ons Volksbeweging dit oorleef het.

Prys 3/3 posvry.

*Oplaag beperk. Bestel dadelik van:*

PUBLICITÈ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892, JOHANNESBURG.

# O.B Kan Slegs as Volwaardige Bondgenoot Steun Verleen

## K.G. Herhaal Aanbod op Malmesbury

Malmesbury het, die Kommandant-generaal verlede Vrydagaand op skitterende wyse ontvang. 'n Lang motorstoet het hom buite die dorp ingewag, met 'n Boerejeug-eenheid op fietse aan die voorpunt. Almal het waperende O.B.-vlaggies gehad.

Die opkoms na die vergadering in die stadsaal was besonder groot en veral is baie nie-lede opgemerk. Die saal was propvol en het 'n mooi indruk gemaak met al die vlae. Die Boerejeug, wat hier aansienlik sterk is, het hul plekke heel voor ingeneem nadat hulle die K.G. ingeleide gedoen het. Hoofkomdt. Dirk Kotzé van Moorreesburg het as voorsitter opgetree en self met gebed geopen. Die O.B.-orkes het besonder goed gespeel en die lewendige sang van die kommando het die stemming van die gehoor opgewek tot 'n hoë spanning.

Die Kommandant-generaal het met verwysing na die oorlog gesê dat dit nie 'n kwessie is of Engeland of Duitsland gaan wen nie, maar of die nag oor Europa gaan neersak of nie. **Die stryd gaan oor die vraag of Europa kommunisties gaan word dan of hy nasionaal-sosialisties gaan bly. Daar is geen ander keuse nie.** Hoe ons vyande hier dit net so goed besef, blyk uit 'n voorval 'n tydjie gelede in Pretoria. Op 'n skoolkommissie het 'n naturel met die sendeling gebots en hom toe as volg uitgelaat: „Na alles, wie het Grobler agter hom? Maar net die N.G. Kerk wat slegs 'n deel van die blanke bevolking in die land behels. Dog agter my staan die miljoene nie-blankes en die Rooi Leër."

Wat hy egter vergeet het om by te voeg, het die K.G. gesê, is dat tussen hom en die Rooi Leër die Duitse weermag staan, en tussen hom en sy doel in Suid-Afrika staan die Ossewabrandwag. (Toej.)

In verband met die O.B. se stryd het die K.G. verklaar dat die Beweging besig is om geskiedenis te maak. Toe die Burgers in 1900 geveg het, was hulle net bewus dat hulle moeg, honger en koud is. Hulle het nie toe besef dat hulle sulke helde is nie. **Maar vandag weet ons dat hulle die beliggaming was van 'n volk se verset teen die Empire. So ook is die Ossewabrandwag vandag die beliggaming van ons volk se verset teen die Empire, hoewel ons dit nie nou so insien nie.**

**AANBOD**

Die K.G. het sy aanbod in verband met 'n verkiesing herhaal, en beklemtoon dat die O.B. daarmee niks te wen het nie, want hy stel geen belang in setels vir homself solank die huidige noodtoestand duur nie. Ons het net een setel, naamlik Koffiefontein, en dié het ons onbestrede gewen. Daarom kan die Ossewabrandwag sy gewig ingooi in 'n moontlike verkiesing sonder om 'n setel te vra. Solank die oorlog duur en die land met noodregulasies regeer word, het die Ossewabrandwag geen belangstelling in die parlement nie omdat dit 'n buiteparlementêre krisis is. Solank die oorlog duur, beskou die O.B. die parlementêre front as van sekondêre belang, en daarom kan ons ons hulp aanbied sonder om iets te vra. Die aanbod van die O.B. het nie net betrekking op 'n besondere party nie. As mense met dieselfde ideale ons hulp nodig het — en sonder ons hulp kan geen opposisie aan bewind kom nie — sal ons help, maar dan nie as handlanger nie, maar as bondgenoot. **Die ooreenkoms sal deur die leiding met die O.B.-leiding aangegaan moet word, want dan het dit betrekking oor die hele land. Hoe goed u dit ook al bedoel met eenheid deur plaaslik ooreen te kom, bring dit ons nog nie ander aan volkseenheid nie. U mag hier eenheid verkry, maar langs u sal nog oneenheid heers. Dog as die leiding bo besluit om saam te werk, is daar eenheid in 150 kiesafdelings. As iemand dus kom om u hulp te vra in 'n verkiesing, sê aan hom om vuur te maak onder sy leier en die O.B. sal sy hulp verleen. Maar ons sal in geen ding ingaan sonder beveiliging van die Ossewabrandwag nie, het die K.G. onder luide toejuiging verklaar. Dit is ons plig om die O.B. te beveilig omdat die toekoms van die Afrikanerdom in hom opgesluit lê.**

**8 AUGUSTUS**

Genle. mev. J. S. du Toit het die vergadering vooraf toegespreek oor 8 Augustus. Sy het daarop gewys hoe die Ossewabrandwag die groter eenheid verkondig en bly verkondig het toe ander hul mede-Afrikaners probeer dood skinder het. Die O.B. se leier het nooit gesê „gaan" nie, maar altyd „kom". En eindelik moes diegene wat teen hom geskinder het, weghardloop van hul eie stories, en daardie toestand van vernedering sal nooit weer verskyn nie.

Daar gaan binnekort 'n groot ineenstorting van politieke partye plaasvind, het spr. gesê, maar vir die O.B. beteken dit nog nie die opbreek van die volk nie. Binne die O.B. kan elke Afrikaner met vrymoedigheid saamwerk, want ons het nog nooit iemand weggestoot nie. **Die Ossewabrandwag is die laaste bolwerk teen die kommunisme, en daarom moet hy sterk gemaak word. 8 Augustus moet vanjaar die bewys lewer dat die lyding van ons kamerade in kamp en tronk nie tevergeefs was nie. Die O.B. se sjieling gaan uiteindelik die kapitalistiese pond verdryf.**

## „ONS GAAN AAN DIE MAG KOM"

### K.G. Besoek N.-Transvaal

Die Kommandant-generaal vergesel van hoofkomdt. Erasmus, het onlangs vergaderings gehou te Soekmekaar, Tzaneen, Louis Trichardt en Alldays. By die geleentheid van 'n eetmaal op Louis Trichardt waar oudstryders as eregaste teenwoordig was, het die K.G. gepraat.

**„Die oudstryders hier teenwoordig het deel uitgemaak van die vegters wat vir drie jaar die mag van die hele Britse Empire teen hulle gehad het. Aan hulle moet die eer gaan dat hulle die Britse Empire sy eerste knak toegedien het. Van daardie tyd af het die gesag van die Empire gedaal."**

In sy toesprake het die K.G. die beleid uiteengesit en besonder klem gelê op wat die O.B. in die verlede verrig het en hoe hy elke reg het om op die toekoms te vertrou. **„Ons gaan aan die mag kom!"** het hy verklaar.

Die vergadering op Louis Trichardt was besonder goed.

## PRETORIA VOL VUUR

'n Goedgeslaagde funksie wat op 31 Mei deur een van die veldkornetskappe van die kommando F4C1 gehou is, waardeur 'n netto bedrag van £30 ingesamel is, getuig nogeens van die vurige gees onder die Pretoriane. 'n Soortgelyke funksie word op 1 Julie deur dieselfde veldkornetskap gehou op die hoek van Vermeulen- en Schubertstraat, Pretoria.—(Ingestuur.)

## MAKLIK OPGELOS

Die Cape Times en Die Burger verkeer op die oomblik in polemiek in verband met die onderdrukking van nuus. Die een beskuldig die ander dat hy nuus onderdruk — iets wat in die oë van koerantmense 'n baie ernstige beskuldiging is. Daar is egter 'n baie eenvoudige metode om vas te stel wie van hulle die skuldigste is. Die Ossewabrandwag kan maar net 'n betaalde advertensie in verband met 'n O.B.-Noodhulpfunksie aan albei koerante stuur. Die een wat dit weier, sal die skuldigste wees — en 'n advertensie is iets wat enige koerant baie gereëliker opneem as nuus..

## BOEREJEUG TREK LAER OP GRAAFF-REINET

'n Landsdienslaer van die Boerejeug is op Empire-dag te Graaff-Reinet op die Andries Pretorius-Monument-terrein onder beskerming van die O.B. saamgetrek.

Die oggend om 7-uur het hulle die dorp verlaat, al singende en met die Vierkleur vooraan. Dit ritmies en stadige stap van die geledere het oral aandag getrek en almal wat die afdeling gesien het, was diep onder die indruk van die fiere en gedissiplineerde houding van die jongspan. Die verrigtinge van die dag is geopen met 'n Vlagparade ,gepaard met 'n oggenddiens wat gelei is deur hoofkommandant Stander. Dit was eenvoudig bewonderenswaardig om die jongspan so flink te sien beweeg en hoe ritmies hulle reageer op 'n fluitjie.

Die dogters was in bevel van die kombuis, terwyl die seuns landsdiens verrig het. Die Boerejeug moes ook met leedwese afskeid neem van hul beminde kommandante Sommers, wat na Johannesburg vertrek.

Om 5-uur het die plegtige vlagstryking plaasgevind en die dag is afgesluit met die vlagparade en 'n aanddiens, weereens gelei deur hoofkomdt. Stander.

## TENTOONSTELLING VAN VROUE-ARBEID

### Boerebabas Neem Deel

'n Pragtige ondernemingsgees is deur komdte. J. D. Norgarb (E2b7) en haar Kommando aan die dag gelê toe hulle vir 18 Junie 'n tentoonstelling van handewerk en babas in sentraal-Johannesburg gereël het. Die handewerk het bestaan uit kunsnaaldwerk, tuisgemaakte speelgoed, skilderye, gebak, ingelegde vrugte, konfyt, ens. Inskrywings is selfs vanuit Paul Roux en Groot Marico ontvang. Die artikels wat ten toon gestel was het weereens bewys dat die hande van O.B.-vroue vir niks verkeerd staan nie. Onder andere was daar 'n pragtige wyerandstrandhoed, gemaak deur mev. Julian Visser uit mielieblare. Nieteenstaande die snerpende koue het sowat 15 babas aan die kompetisie deelgeneem.

Die tentoonstelling is geopen deur genl. dr. P. J. Meyer, waarnemende Gebiedsleier vir Gebied E. Hy het die organiseerders hartlik geluk gewens en die hoop uitgespreek dat meer sulke tentoonstellings gereël sal word ten einde die trots van die vrou in haar eie werk aan te moedig. Die tentoonstelling van babas is 'n bewys dat die vrou ook haar aandag aan hierdie grootste bate van ons volk gee.

Die funksie is ook bygewoon deur genle. K. Malan, hoofvrou-offisier vir Gebied E. Die funksie is die aand afgesluit met 'n kunskonsert waaraan vername Afrikaanse kunstenaars en kunstenaresse op die Rand deelgeneem het. Die opbrengs van die funksie word gelykop verdeel tussen die O.B.-Noodhulpfonds en die 8 Augustus-fonds van die Kommando.—(Korr.)

DIE NUUTSTE IN DAMES-
FELT-HOEDE
en
WINTERJASSE
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE.

AANDAG!!

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder
JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR"
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LUCERN en AARTAPPELS
STUUR U PRODUKTE AAN
UNIE PRODUKTE AGENTSKAP
Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN
Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

*Pas verskyn!*

INLEIDING TOT DIE EKONOMIE

deur prof. dr. C. G. W. Schumann en dr. D. G. Franzsen
albei van die Universiteit van Stellenbosch.

Grootte: 8½ dm. x 5⅜ dm, 600 blss., 49 tabelle, 36 diagramme. Linneband.

Prys 19/6. Posgeld 1/- ekstra.

Dit is die eerste handboek oor die ekonomie wat in Afrikaans verskyn. Hier het u 'n baanbrekende werk waarin die hele onderwerp, op Afrikaanse lees geskoei, saaklik en wetenskaplik behandel word.

Vir elke Afrikaner, hetsy sakeman, prokureur, boer of student is hierdie werk van onskatbare waarde.

Stuur u bestelling met tjek of poswissel aan

Pro Ecclesia-Drukkery
Posbus 28 - - - - - Stellenbosch.

Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.

Die KOMMANDANT-GENERAAL

sal saam met ons fees vier vanaf 7-uur n.m. op

*VRYDAG, 7 JULIE*

in die

ODDFELLOWSAAL, TRAMWAYSTRAAT, TURFFONTEIN.

*Kom luister na die Blaasorkes van die Boerejeug.*

Deel in die kameraadskap van die Ossewabrandwag.

DIE O.B., WOENSDAG, 28 JUNIE '44

# Word Noodwendig Bondgenote

Kommunisme of Ossewabrandwag. Dit is die keuse waarvoor elke blanke in Suid-Afrika vandag staan, want die ou orde met sy partystelsel is iets van die verlede. In Europa het die ou demokratiese stelsel in elke land plek gemaak vir 'n gesagstaat. In Rusland was dit die kommunistiese magstaat wat op die puin van die afgeleefde demokrasie verrys het, en Spanje kon hom slegs met militêre geweld ontworstel aan die dodelike greep van die rooi seekat. **In Duitsland en Italië is hierdie gevaar afgewend deur die volksbewegings van Hitler en Mussolini, wat 'n einde aan die demokratiese partye gebring het. Hulle het duidelik getoon dat die enigste teenmiddel vir die kommunisme nie propaganda vir die ou intuimelende demokrasie is nie, maar die kragdadige ingryping van die volksbeweging wat aan die arm man sosialisme aanbied wat hy anders by die kommunisme gaan soek.**

Die demokratiese lande het die oorlog aangebind teen Duitsland en Italië omdat laasgenoemde sosialisme ingevoer het. Dat 99½ persent van die Duitse volk hulle in 'n verkiesing vereenselwig het, met hierdie verlossing uit kapitalistiese verknegting, het die demokrate nie weerhou om 'n kruistog op die been te bring om daardie halwe persent oergeblewe demokrate te gaan red nie. Maar wat gebeur nou met hierdie reddingswerk? In Frans-Noord-Afrika waar die demokrate die nuwe gesagstaat teruggeslaan het, het 'n bestuurskomitee opgeduik met 'n oorheersend kommunistiese dryfkrag. Die een Fransman na die ander is op bolsjewistiese wyse om die lewe gebring. In Italië waar die fascistiese volksbeweging voorlopig deur die demokratiese leërs verdryf is, **is dit vervang nie deur 'n demokratiese regering nie, maar deur 'n kommunistiese kliek. „Bevryde" Italië lê vandag in die doodgreep van die kommunisme. Watter sterker bewys is dan nog nodig vir ons stelling dat die keuse vandag in ons land nie lê tussen demokratiese partye nie, maar tussen die wêreldbeweging van kommunisme en die volksbeweging van die Ossewabrandwag?**

**BEREI WEG**

Maar laat ons kyk hoe die demokrate in ons land die pad vir die kommunisme voorberei net soos die demokrate dit in Europa besig is om te doen. Deur die demokratiese politici en hul pers word reusagtige pogings aangewend om die Ossewabrandwag deur boikot of laster te vernietig ten einde die demokrasie waarop hulle hul magsposisies gebou het, van ondergang te red. So word O.B.-lede dag na dag uitgenooi tot „volkseenheid" binne die geledere van 'n demokratiese party — **'n demokratiese party wat weens sy geankerdheid aan die demokrasie saam met die demokrasie sal verdwyn soos alle politieke partye in Europa reeds verdwyn het.** Hierdie politici verkondig aan die sosialisties-aangelegde Afrikaner dag en nag demokrasie, terwyl hulle die sosialisme waarna elke Afrikaner vandag hyg verwerp. Nou kom die kommunisme met dieselfde slagspreuk van demokrasie, maar hulle bied ook sosialisme aan. **Diegene wat deur die demokratiese partypropaganda aan die invloed van die Ossewabrandwag ontruk word, aanvaar nou die „demokrasie" van die kommunisme omdat hulle deur die sosialisme daarvan aangetrek word.** Elkeen wat die kommunistiese koerante lees, word vandag getref deur die ywer vir die „demokrasie" wat daarin geopenbaar word. The Guardian praat gereeld van die „demokratiese magte" wat in Suid-Afrika en Europa vooruitgang maak. **Hy praat die taal van die politici, om dan met sy sosialisme die werker te vang. So berei die politici deur hul stryd teen die volksbeweging vandag die veld voor vir die kommunisme in ons land.**

**PRO RUSLAND**

Maar die kommunisme goël nie net met die **woorde** van die H.N.P.-leiers nie, hulle goël ook al met hul **name.**

So lees ons in die Guardian van 15 Junie (bl. 4) as volg:

*„Een van die sprekers op 'n ‚Social Security Association'-vergadering was Nasionalistiese voorbanker-L.V. dr. Karl Bremer. Daar word aangevoer, het hy gesê, dat 'n staatsmediese diens nooit sal werk nie, omdat gemeen word dat individuele dokters beter diens sou lewer. Maar volgens sy eie deeglike ondersoek moet hy sê dat Rusland, die enigste land wat so 'n diens probeer het, getoon het, dat hy die beste mediese diens in die wêreld het." Aldus dr. Bremer volgens The Guardian.*

Die noodlottige rigting waarin die politici dryf weens hul vyandskap teen te sosialistiese Ossewabrandwag, blyk dus baie duidelik. **Deur hul propaganda vir die afgeleefde demokrasie werf hulle, of hulle dit so bedoel of nie, rekrute vir die kommunisme. Deur hul verwerping van Duitsland en die nasionaal-sosialisme, omdat hulle dit vereenselwig met die Ossewabrandwag, word hulle gedwing om hul inspirasie by Duitsland se vyand te soek soos die eenmaal anti-kommunistiese Churchill vandag ook doen. Vandaar dat hulle reeds Rusland as voorbeeld probeer voorhou, selfs waar die Suid-Afrikaanse Mediese Raad, waarvan dr. Bremer voorsittter is, 'n stelsel vir staatsmediese diens verwerp het wat oorwegend op Russiese lees geskoei was, en een aanvaar het wat veel eerder ooreenkoms met die Duitse stelsel vertooon.**

'n Verdere aanduiding van die rigting waarin hul anti-O.B.-propaganda die politici lei, word gevind in die middel-Mei-uitgawe van die rooi Labour Bulletin, waarin die blad as volg verklaar: „Dit is nie aangenaam om te besef dat een van die vernaamste bondgenote wat die Labour Movement in sy stryd teen die Ossewabrandwag sal hê, Eric Louw, die anti-semitiese Malaniet-L.V. sal wees nie."

Dit is dus nie net ons wat die konsekwensies van die demokratiese partypropaganda besef nie, maar ook ons teenstanders. Hulle slyp al hul tande vir die uiteindelike bondgenootskap teen die sosialistiese en nasionale Ossewabrandwag.

**Daar is net een keuse vir elke Afrikaner vandag, en dit is kommunisme of Ossewabrandwag. 'n Keuse vir die demokrasie lei noodwendig en onwillekeurig tot versterking van die kommunisme!**

# Die Wisselende Oorlogstrategie

(DEUR PROF. J. A. WIID.)

Die oorlogstrategie het sedert September 1939 reeds herhaaldelik radikale veranderings ondergaan. So is dit ook met alle oorloë. Daar was 'n tyd toe die Geallieerdes agter die Maginotlinie gesit het en toe hierdie linie 'n vername element van hul oorlogstrategie uitgemaak het. Na die val van Frankryk was die oorlogstrategie van die Geallieerdes vir 'n lang tyd een van verdediging. Die oorlogstrategie van die Duitsers daarenteen was vanaf die begin een van aanval. Met hierdie strategie het die Duitsers groot suksesse gehad. Binne 'n ongelooflike kort tyd het hulle daarin geslaag om baas van Europa te word. Die Britte is nie alleen uit die Europese vasteland verdryf nie, maar ook Brittanje self het onder hewige lugaanvalle gely en die Britse skeepvaart is swaar deur die Duitse duikbote geteister. Selfs Rusland, die enigste ander Europese grootmag wat nog oorgebly het, het swaar onder die Duitse aanvalle geleef.

**Die Huidige Oorlogstrategie van die Geallieerdes**

Die Britte en die Russe het nie alleen die Duitse aanvalle oorleef nie, maar versterk deur die openlike toetrede van Amerika tot die oorlog, het die Geallieerdes, na hulle ook in die Verre Ooste groot nederlae aan die hand van die Japanners gely het, tot 'n offensiewe oorlogstrategie oorgegaan. Die suksesvolle Britse offensief in Egipte, die Brits-Amerikaanse landing in Frans-Noord-Afrika, die Russiese oorwinning by Stalingrad en die Japanse terugtog voor Pt. Moresby in Nu-Guinee, dit alles het die offensiewe strategie van die Geallieerdes teen ongeveer die end van 1942 ingelui. Sedertdien is hierdie offensief volgehou en kon belangrike suksesse vir die Geallieerdes aangeteken word. Nie alleen is Spil-weerstand in Afrika gebreek nie, maar die Britte en Amerikaners het in Sicilië en Italië geland en noordwaarts beweeg, die Badoglio-regering het gekapituleer, veral die Russiese Kolos het daarin geslaag om uitgestrekte dele van sy gebied terug te wen en selfs in die Stille Oseaan kon die Geallieerdes die Japanners uit 'n paar eilande verdryf. Tersefdertyd het die Geallieerdes daarin geslaag om die duikbootgevaar uit te skakel en 'n geweldige lugoffensief oor Duitsland en oor besette gebiede in Europe en die Verre Ooste te handhaaf.

Hoewel die Geallieerdes gedurende die afgelope agtien maande belangrike oorwinnings behaal het, sal alleen 'n wensdenker kan beweer dat hierdie offensiewe strategie volgens plan plaasgevind het en dat hy al die beoogde doelwitte bereik het. Die Badogliokapitulasie het seer seker nie 'n Geallieerde besetting van die hele Italië en die uitskakeling van die Duitse troepe in hierdie land tot gevolg gehad nie. Dit moet nog bewys word dat die intensiewe bombardemente uit die lug die Duitse oorlogspotensiaal en die Duitse moraal aan sy tuis- en oorlogsfronte ernstig ondergraaf het. Die Russe het nog geen tweede Stalingrad-oorwinning behaal nie. Die Japanners sit nog in Singapoer, Batavia, Birma en die Filippyne. Selfs die Brits-Amerikaanse landing in Frankryk het tot dusver veel bloedvergieting maar uiters beperkte territoriale winste op die Europese vasteland tot gevolg gehad.

**Die Huidige Duits-Japanse Oorlogstrategie**

Ook die oorlogstrategie van die Duitsers en Japanners het 'n verandering ondergaan. Hulle offensiewe strategie het 'n defensiewe strategie geword. Hierdie verandering het gedeeltelik deur Geallieerde suksesse noodwendig geword. Gedeeltelik egter is die nuwe strategie noodsaaklik gemaak deur die geweldige Duits-Japanse territoriale verowerings. Dit is tog duidelik dat dergelike territoriale verowerings nie tot die oneindige gevoer kan word sonder dat die vyand 'n uitklophou toegedien is nie. Tot dusver het Duitse en Japanse oorwinnings nie daarin geslaag om Amerikaanse, Britse en Russiese weerstand te vernietig nie net so min as Geallieerde oorwinnings daarin kon slaag om die militêre mag van Duitsland en Japan uit te skakel. Op die oomblik is die Geallieerdes se strategie daarop uit om die militêre mag van Duitsland en Japan op te splits deur dit aan soveel punte moontlik vas te lê. Deur werklike-, skyn- en moontlike invalle in verskillende besette lande moet die strydmagte van die vyand verdeeld word. Dit stel die Duitse en Japanse strydmagte voor 'n harde toets. Met Duitse troepe b.v. oor die hele Europa verspreid, sal dit vir Hitler baie moeilik wees om teen 'n gedetermineerde offensief van die Geallieerdes op verskillende plekke tegelyk 'n suksesvolle afweer te bied. Die aangewese strategie vir Duitsers en Japanners sal dus wees om langsaam terug te trek, Stalingrads te vermy, die eie verdedigingslinies intak te hou en die vyand so duur moontlik te laat betaal. Die geskiedenis lewer volop voorbeelde van defensiewe strategie wat baie suksesvol was. Die klassieke voorbeeld is dié van die Romeinse diktator Quintis Fabius Maximum wat in die worstelstryd teen Hannibal die smalende bynaam van „Cunctator" (draler) gekry het.

'n Defensiewe strategie sluit egter geensins offensiewe optrede geheel en al uit nie. Op die oomblik b.v. is die Japanners besig met 'n groot offensief in China en maak die Duitsers gebruik van 'n nuwe offensiewe wapen, die vliegende bom wat die oorlog tot diep binne die grense van Brittanje voer. Gewoonlik egter word 'n oorlog nie deur 'n defensiewe nie, maar deur 'n offensiewe strategie gewen. Op die oomblik moet veral die Duitsers die hoof bied aan gelyktydige aanvalle in Rusland, Italië, Frankryk en uit die lug. Dis 'n harde toets en die uitslag sal vir 'n groot deel daarvan afhang of die Duitsers 'n verenigde nasionale front verder gaan handhaaf en wat die houding van die volke in die besette lande gaan wees.

DIE KAAPSTADSE REMSKOEN-TONEEL-VERENIGING

Stel Voor



„Die Laaste van die Takhare"

in die

HOFMEYRSAAL

*8 Julie om 8 n.m. Stiptelik*

Toegang 2/8. Kinders 1/4.

(Belasting ingesluit.)

Tiervlei, Nasionale Saal, 29 Julie.

Woodstock, Eendragsaal, 5 Aug.

Bellville, Kerksaal, 19 Augustus.

Waarde vir geld

Kommando



-sigarette

BEGRAFNISVERENIGING

sAFFAs BPK. LTD.

'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.

Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.

DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK. ... ... ... ...

(Geregistreer onder die Versekeringswet)

82 Beckettsgebou, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat,

JOHANNESBURG.

# Brief aan My Demokratiese Vriend

## Partystelsel is Soos 'n Skoot Bokhael

Geagte Vriend,—Die werklike regeerders van ons volk is die politieke leeglopers wat aan geen party behoort nie, die „vlottende stem" na wie elke party kliphard vry. En wanneer ons party aan bewind kom, moet hy so min doen as moontlik uit vrees dat hy hierdie politieke trekvoëls die skrik op die lyf kan jaag en hulle oor vyf jaar dalk nie weer vir hom sal stem nie. **Daarom dat geen groot vraagstuk totsover opgelos is nie, selfs NADAT JY EN EK REEDS EENMAAL AL ONS PARTY AAN BEWIND GEHAD HET.**

Jy en ek het ons broers in Party B beskuldig dat hulle oorsaak is van al ons ellende. Hulle het ons weer beskuldig dat ons die oorsaak is. Bitterheid het in ons hart gegroei, bitterheid teen ons broers daar oorkant wat so 'n swak beleid volg. Hulle weer was verbitterd omdat ons so 'n verkeerde koers inslaan. Ons het mekaar verwyt, vervolg en stukkend geslaan — broers van dieselfde volk!

Waarom het hulle dan nie by ons party kom aansluit sodat ons verenigd teen die klomp politieke trekvoëls kan optree nie, vra jy?

### GRONDWET VEREIS TWEE

**Ou vriend, hierdie stelsel waarmee jy en ek probeer veg, hierdie stelsel wat van Engeland af ingevoer is, VEREIS dat daar 'n Party A en 'n Party B moet bestaan! Dit VEREIS dat daar in die parlement 'n regering en 'n opposisie moet wees — dus minstens twee partye, dus 'n gehalveerde volk, 'n VERDEELDE volk! En as die konstitusie van die land voorsiening maak vir minstens twee partye, dan kan jy jou broer nie verwyt as hy daardie konstitusie uitvoer en by die noodsaaklike tweede party aansluit nie.** Die hele stelsel rus op verdeeldheid. Soos 'n vis water nodig het om te swem, so het hierdie stelsel verdeeldheid nodig om te fungeer. Dit is soos die ou boeresport, toutrek, waarvoor daar twee spanne nodig is wat in teenoorgestelde rigting trek — **hulle bly maar net altyd om en by die streep**, terwyl vir die vooruitgang van 'n volk mens liewer net een span nodig het wat die volk wegtrek van die gevare en **voortbeweeg** na welvaart. 'n Volk, net soos 'n mens, kan nie ewig net op een plek, net by die streep bly heen en weer skoffel nie. **Hy moet beweeg om geskiedenis te kan maak.**

Die mense wat hierdie hopelose stelsel goedpraat, die politici wat met woorde gooi in die parlement, vertel dat hierdie stelsel goed is omdat daar kritiek moet wees en daarom 'n opposisie. Maar die fout is dat hulle die kritiek **beloon** met die land as prys. Die een wat sy mede-Afrikaner **dood** kritiseer voor die oë van die gepeupel, hy kry die land om te regeer as beloning. 'n Mens kan kritiseer sonder om die ander te verkleineer. As vrou en man mekaar advies gee oor hul gemeenskaplike belange, kan hulle in die grootste liefde dit doen sonder om die een die ander voor die oë van die wêreld af te haal. Dan werp die kritiek vrugte af, want dan is daar vrymoedigheid om na mekaar te luister en die kritiek te aanvaar. Maar nou word die kritiek nie gegee met die doel dat die ander dit moet aanvaar nie, **maar net om aan die stemvee te toon hoe 'n beter man ek is en hoe dom die ander is. Die gevolg is dat die ander man sy kop hard maak en alles verwerp wat ek aanbeveel, want aanvaar hy my advies, sê ek aan die stemvee: „Julle moet my liewer aan bewind plaas, want kyk hoe slim is ek! Die ander man voer maar net uit wat ek sê!" Die enigste vrugte wat hierdie kritiek afwerp, is haat en tweedrag.**

### ALTYD MEER

Die ergste van hierdie stelsel is dat dit nooit by twee partye alleen bly nie. Die konstitusie vereis **minstens** twee partye, maar hy maak in die parlement ook voorsiening vir **dwarsbanke**, dit wil sê banke vir lede van ander partye as die regerende en opponerende partye. So was daar in ons land in 1910 net twee partye — om te voldoen aan die konstitusie — en op 7 Julie verlede jaar het daar SEWE aan die stryd deelgeneem en sedertdien is nog twee nuwes gestig. In Italië was daar in 1922 voor Mussolini met sy volksbeweging die land van verdeeldheid gered het, SEWENTIEN partye wat mekaar magteloos gewurg het. In Duitsland was daar voor Hitler met sy volksbeweging in 1933 uitkoms gebring het, SEWEN-EN-VEERTIG partye, 'n magteloos verbrokkelde volk! **Met hierdie stelsel is 'n volk soos 'n skoot hael — hoe verder dit gaan hoe kragteloser en yler word hy. En vandag staan ons volk al veertig jaar op hierdie pad!**

Hoe dan, vra jy?

Daar is net één oplossing. **Ons moet as volk optree soos 'n mauser-koeël wat op tweeduisend tree nog net so gevaarlik is as op twintig tree. Ons moet optree soos één stuk en nie soos 'n klomp bokhael wat elkeen sy eie rigting kies nadat hy 'n ent uit die loop is nie.** Hoe ons dit gaan regkry sal ek aanstaande week vir jou skryf.


DIREK VAN FABRIEK
AAN BOER

Kapkartuie £10, Swaar £13-10-0; Enkel Kartuig £8-15-0; Muiltuie £15; Donkietuie £7-10-0; Kartooms 16/6; Rytooms vir Perde 13/6; Tooms vir Donkies 6/6; Ligte Halters 6/-; Swaar 9/6; Saals Kompleet £5; Borsplate vir Donkies (lig) 6/-; Swaar 9/6; Borsplate vir Voormuile £1-6-0; Agter £1-8-6.

K.M.B. Bestellings word uitgevoer in volgorde van ontvangs. Tevredenheid gewaarbrog.

Geen K.B.A aflewering.

Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.

P. A. WILKEN

MAKELAAR, VENDUAFSLAER

BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou, DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG (Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:

RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187

SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.






WAAR op die Pad is U?

*EXCELSIOR MEUBELS BEPERK IS VINNIG OP PAD:*

- om talle werknemersgesinne 'n goeie ekonomiese bestaan te besorg;
- om u voortreflike diens te lewer met fabrieke en winkels in u onmiddellike nabyheid;
- om honderdtalle aandeelhouers oor die hele land 'n veilige en winsgewende belegging te verskaf;
- om duisende klante in die Unie en Suidwes-Afrika tevrede te stel;
- om deur middel van 'n omset van 'n kwart-miljoen pond, stewige reserwes op te bou vir die ekonomiese selfstandigheid van ons samelewing.

*SKAKEL DADELIK MET*

EXCELSIOR MEUBELS BPK

Hoofkantoor: DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG, POSBUS 6670, FOON 33-2171/2.

*Eienaars van:*

J. S. UNTERHALTER (Edms.) Bpk. — h/v ANDRIES & PRETORIUSSTRATE — PRETORIA.
GOODWOOD MEUBELS (Edms.) Bpk.— PAUL KRUGERSTRAAT 340—PRETORIA.
L. D. PHILLIPS (Edms.) Bpk. — PLEINSTRAAT 47-49 — KAAPSTAD.

*Takwinkels:*

JOHANNESBURG, GERMISTON, KROONSTAD, BLOEMFONTEIN.

SLUIT AAN BY DIE TREK!

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**DE BRUIN.** — Van die Heer ontvang op 13 Mei, 'n fris O.B.-seuntjie. Lank lewe die Ossewabrandwag. Mnr. en mev. Martin de Bruin, Sednall, P.K. Kamden.

**GUTTER.** — Aan Komdt. en Brandwag Gutter, Winburg, 'n fris Boerebaba, Erick, ontvang van die Heer op 19 Junie.

**VAN RENSBURG.** — Aan Danie en Marie van Rensburg, Grootvlei, Cradock, 'n fris dogter op 20 Junie. Ons dank die Heer en ook die dokter en verpleegster.

**VAN DER WESTHUIZEN.** — Aan mnr. en mev H. v. d. Westhuizen, Oudtshoorn, 'n fris O.B.-dogter op 11 Junie. Albei wel. Naas die Heer dank aan Ouma Swiegelaar.

**VAN ROOYEN.**—Aan H./Komdt. en Adjte. Van Rooyen, vroeër van Molteno, Kenhardt en Britstown, tans van Robertson, 'n seun op Sondag, 18 Junie 1944.

**VILJOEN.** — Aan mnr. en mev. Adam Viljoen, Newtown, Jagersfontein, 'n fris O.B.-seun op 31 Mei. Naas die gewer dank aan dokter en verpleegster.

### VERLOWING

**BADENHORST — DE SWARDT:** Die verlowing van jeugveldkte. M. de Swardt en jeugkomdte. J. H. Badenhorst, albei van Port Elizabeth, word hiermee bekend gemaak.

### HUWELIK

**PEROLD — STEYN:** Die huwelik van Annie, enigste dogter van Kommandant en mev. E. L. Steyn van Malmesbury, met Jan Perold van die Afdelingsraad, Stellenbosch, vind plaas op 1 Julie, om 3-uur n.m. te Malmesbury.

**VAN DER LINDEN — VAN DER WALT:** Langs hierdie weg wens ons aan alle familie, vriende(inne) en belangstellendes bekend te maak dat ons, Pieter en Hennie in die huwelik bevestig word op Saterdag, 29 Julie D.V. om 11-uur v.m. in die Geref. Kerk te 444 boom. Geen kaartjies. Geen resepsie. Telegramme: P.K. Dwaalboom.

### GELUKWENSE

**PIETER VAN EEDEN.** — Liewe kind, daar dit die 27ste jou verjaardag is, wens ons jou van harte geluk. Mag die liewe Heer jou nog baie jare spaar, en dat jy sal vry bly tot dit die Here behaag om jou tot ons terug te bring. Hou maar moed en vertrou op die Heer. Ons verlossing sal kom. Dit is ons wens en bede vir jou. My kind bly weg van Harry af. Met liefde van almal. Jou Moeder.

### GROETE

**Komdte. G. W. de Villiers** wens langs hierdie weg alle O.B.-vriende in die Skiereiland 'n stewige handdruk te gee. Met haar vertrek van Kaapstad is dit onmoontlik om almal persoonlik te groet. Haar beste wense vir voorspoed in die toekoms word almal toegewens.

### DOODBERIG

**POLLARD.** — Skielik heengegaan na haar ewige woning op 12 Junie 1944, ons dierbare eggenote en moeder, Anna Petronella, in die ouderdom van 73 jaar. Ons innige dank aan geneesheer en ds. Lubbe. Haar bedroefde eggenoot, Sam en Pietie.

**STEVENS.** — Sag in die Heer ontslaap op Dinsdag 6 Junie, Louisa Stevens, in die ouderdom van 9 jaar en vyf maande. Die dood het ons so onverwags geskei, maar die liefdevolle verlange sal altyd bly. Hoe pynlik is die wond o, Heer; ons sien haar graffie maar haar nie meer. Haar plek is leeg, haar stem is stil. Ons swyg o Heer! dit was u wil. Die diepbedroefde vader, moeder en sussie.

### DANKBETUIGING

Die Bellville Vroue-Kommando wens langs hierdie weg Veldkte. M. M. du Toit, Die Panne, Moorreesburg, van harte te bedank vir die bedrag wat sy aan hulle geskenk het vir Kommando armsorg.

### IN MEMORIAM

**VAN GREUNING.** — Twee jaar van stille verlange is verby, onvergeetlik is vir ons die treurige môre van 21 Junie 1942 toe van ons weggeneem is, ons dierbare vader, Barend Jacobus, in die ouderdom van 44 jaar 6 maande. Slaap sag liewe vader, wag vir ons by die Heer. U kinders Jan en Bennie.

### 8 AUGUSTUS-BASAAR

SATERDAG, 2 n.m., 1 Julie, in die Ebenaezer-saal (Kerksaal), Maitland, deur die Kommando Christiaan de Wet. Lekkernye, handwerk, kompetisies, musiek, ens. Kom seker en bring vriende saam.

### BASAAR

DIE Manne- en Vroue-kommando van Parow hou 'n basaar Saterdag, 1 Julie, om 3-uur n.m. in die Nasionale Saal, Parow. Volkspele om 8-uur n.m. Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi.

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**

### BETREKKING VAKANT

BENODIG 'n getroude werks-voorman vir graan, wingerd en algemene boerdery. Moet trekker en vragmotor kan bestuur. Ondervinding van perde-teel 'n aanbeveling. Salaris £12 per maand met vry huis. Rig aansoeke aan **S. Steensma, P.K. Bellville.**

### PERSOONLIK

BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. **Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.**

DAMES en **Here Haarkapper.** Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd **uit die hand** verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Santam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

SMIT. — Willie, my beste buurman, dit was vir my 'n vreeslike skok toe ek per telefoon moes verneem van jou heengaan. Totsiens, jy was 'n goeie buurman, ek sal jou baie mis, maar gun jou die salige rus. Ons innige medelye met die weduwee, kinders en familie. **Zeeman familie, Goudmyn, Robertson.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

SUKSES en LEIERSKAP behoort aan hulle met sterk Wilskrag, Persoonlikheid en Karakter! Ons kursus: HOËR OP! (Lesse in Selfontwikkeling), sal u 'n volle ontwikkelde persoonlikheid gee — die sleutel tot SUKSES en LEWENSGELUK! BESTEL U KURSUS DADELIK: £4-4-0 kontant of £1-10-0 met bestelling en vier maandelikse paaiemente van £1 elk.

**DIE VORENTOE INSTITUUT**

**(ONDERRIG VIR VOLWASSENES)**

**Posbus 3220, KAAPSTAD.**

**(Ook onderrig oor die pos in Musiek: Viool, Trekklavier, Kitaar, ens. Navrae verwelkom).**

### TE KOOP

BESTEL dadelik dagoud kuikens, Australorps en Leghorns. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Bestellings vol tot einde Augustus. Vanaf daardie datum 3,000 per week beskikbaar teen £6 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.**

OPREGTE Chantenay en Nantes Wortelsaad 8/- per pond.

BESTE Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid. K.M.B. Posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, „Rus en Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

BESTE kwaliteit Heunigtee: 93 pond 18/6; 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

BESTE gehalte **Karomis**, ongemaal, in trokke gelewer Hondewater-Sylyn; £10 per 20 ton trok. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

DEKRIET. — Vir die beroemde Albertinia en Riversdal dekriet, doen aansoek by **J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

EEN 10 P.K. Fairbanksmorse enjin en verskillende tweedehand windpompkoppe, kompleet, asook 7-duim suier en 4-duim pyp konneksies. **W. P. Lubbe, Weltevrede, Hanoverstasie, K.P.**

**KOOP DIREK VAN DIE BOER.** — Kaapse geel of strooi uiesaad teen 5/6 per pond en Australiese bruin teen 6/- per pond. Goedgekeur volgens Goewernements Sertifikaat No. 0670 en gesertifiseer as gesond, vry, goed en skoon. Ook lusernsaad, gesond en mooi teen £7-7-6 per 203 pond. Uiebolle, Australiese bruin en Kaapse geel teen 14/6 per mud. Kontant met bestelling. **D. M. v. d. Walt, P.K. De Rust, Dist. Oudtshoorn.**

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

**MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak** waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

VARKE. — Large Black soggies en beertjies, 4 maande oud. Vader geregistreer Benmorebloed, moeder volbloed. Prys £5-5-0. Vader, moeder en kleintjies 1ste prys wenners asook Conradie- en de Wet-beker wenners. Gelewer Klaasvoogds. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

# Natalse Offisiere Trek Puik Laer

## Benodighede vir Kamp Gekommandeer

**'n O.B.-kamp wat in alle opsigte as puik bestempel moet word, is van 8 tot 12 Junie in die distrik van Vryheid, Natal, gehou by geleentheid van 'n laertrek van meer as 100 manne- en vroue-offisiere van Gebied D. 'n Strenge dissipline waaraan oud en jonk hulle met genot onderwerp het, is deurgaans gehandhaaf.**

Die deeglike reëlings het ook veel tot die sukses van die kamp bygedra. Gebiedsgeneraal Tos Pienaar en genle. H. J. Steenkamp en hul ywerige offisiere kom alle eer hiervoor toe.

Die laertrek is gehou op die plaas van genl. W. van Rooyen in 'n skilderagtige omgewing van die Natalse laeveld en aan een van die talryke standhoudende riviertjies van Zoeloeland. 'n Aantal jong Boereseuns het reeds vier dae voor die tyd daarheen vertrek om die doringbome te gaan uitkap, die terrein in orde te bring en die tente op te slaan. Die nodige tente en bokseile is voor die tyd opgekommandeer en die boere moes dit daarheen stuur. By hul aankoms is aan elke offisier sy verblyfplek in een van die sowat 25 tente aangewys.

Ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg het ook 'n besoek aan die kamp gebring. Hy is ingewag deur puik opgestelde erewagte van manne en vroue. Die ander offisiere was in gelid opgestel om die K.G. te verwelkom. Die K.G. was vergesel van sy adjudant, hoofkomdt. H. R. Mentz, die Finansiehoof, genl. P. J. Botma, en die stafhoof van die Voorligtingsafdeling, hoofkomdt. J. J. Piek.

### KAMERAADSKAP

Veral opvallend was die gees van kameraadskap wat op die laertrek geheers het. Dit is verder verhoog deur die feit dat die maaltye vir almal gesamentlik voorberei is. **Almal, ook die K.G., moes dan met hul eetgereedskap lynstaan en beurtelings voor die tafel verbystap om aan die nodige geregte uit groot drievoet ysterpotte gehelp te word.** Terwyl almal gereed gestaan het en voordat met die uitdeling begin is, het een van die offisiere voorgegaan om die Seën af te vra. Offisiere is aangesê om die nie-bederfbare kos van hul huise saam te bring en by hul aankoms in die kamp is al die kos in een tent byeengebring. Die vleis, melk, vrugte en vars groente is plaaslik verkry. Om die koste van die kamp eweredig oor al die offisiere te versprei het die kwartiermeesters, hoofkomdt. C. du Plessis en komdt. W. A. Barnard, 'n noukeurige berekening van al die uitgawes gemaak en dienooreenkomstig 'n heffing op die offisiere gelê.

Vlagparades vir die hysing en stryking van die vlag is vroeg elke oggend en in die middag gehou by welke geleenthede die oggend- en aandgodsdiensoefeninge onderskeidelik deur verskillende offisiere waargeneem is.

### O.B. WORD POLITIEK

Die klimaks van die laertrek was die toespraak wat die Saterdagaand deur die K.G. gehou is. Hy het gewys op die ontwikkeling van die O.B. van 'n grotendeels kulturele tot 'n militêre organisasie as gevolg van die uitbreek van die oorlog en die vloed van intimidasie wat oor ons land gegaan het. **Toe die onmiddellike gevaar van die oorlog verskuif het, het die swaartepunt van die O.B. ook geskuif tot 'n volkspolitieke beweging met sy eie ideologie en eie doel. Die O.B. het nou geword die omvattende volksbeweging met die kommando-organisasie as kern. Spreker meen dat die O.B. hiermee sy finale stadium bereik het. Die O.B. het 'n instrument geword vir die dinge wat kom.** Dr. Van Rensburg het voorts die offisiere gemaan om die waarde van die O.B. te besef. „Vir vier jaar lank was u die beliggaming van die Afrikanerdom se verset teen die Empire en kapitalisme. Daardie verset gaan vrugte dra in die skepping van die republikeinse Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard."

Van die laertrek is ook gebruik gemaak om die offisiere deeglik te laat „skoolgaan". 'n Groot verskeidenheid onderwerpe is behandel, o.a. oor „dissipline" (genl. D. Dannhauser), „Organisasie en Veldwerk" genl. E. B. Cadle), „Tuisverpleging" (genle. H. J. Steenkamp), „Organisering van die Jeug" (jeug-hoofkomdt. I. van Rooyen), „Speelgoed maak uit ou blikkies en ou velle' 'en „Ekonomiese Resepte" (genle. H. Steenkamp), „Sielkundige optrede van O.B.-offisiere teenoor volksgenote en ander assimileerbare groepe" (hoofkomdt. P. R. Lötter), „Geskieddenis van die Werkerstryd" en „Afrikaner-sosialisme ten opsigte van die werkerstryd" (gen. P. J. Botma), „Sosiaal-ekonomiese strewe van die O.B.", „Voorligtingsorganisasie" en „Die O.B.-Arbeidslaer" (hoofkomdt. J. J. Piek), en „Die verhouding tussen die manne- en vroue-organisasie" (genl. P. J. Botma). Toesprake is ook deur verskeie voorligtingsoffisiere van die gebied gehou.

Die laertrek is amptelik deur genl. W. van Rooyen geopen. Gebiedsgeneraal Pienaar het ook van die geleentheid gebruik gemaak om sy verslag aan die offisiere te lewer en om 'n generaalsvergadering te hou.—(Korr.)

### TE KOOP

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbaakgebou, Bloemfontein.**

SWANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Niks in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

### HERHOLDT se BOOMKWEKERYE Posbus 660, JOHANNESBURG

**Julie-Augustus Planttyd: Vrugtebome,** beste vroeg tot laat soorte Perskes, Pruime, Appelkose, Nektariene, Appels, Vye, Pere, Kwepers, Granate, Amandels, Okkerneute; Graad 1 bome vanaf 2/6 elk, £8 per 100, plus verpakking.

Ons deskundige hulp met uitsoek van gewenste huis, mark en fabrieksoorte verseker sukses.

WINGERDSTOKKE: Sorterings van beste vroeë, middelseisoen en laat wit, rooi en swart tafelsoorte vir u klimaat 12/6 en 18/6 per dosyn. Nuutste Amerikaanse en Argentynse soorte ingesluit, 25/- per dosyn, £3-5-0 tot £5 per 100.

**ROSE:** Beperkte hoeveelheid meesterlik gerangskikte soorte, gesorteerde kleure. „ULTRA SUPER" VERSAMELING, 25/- vir 6, 45/- per dosyn. „SUPER UITRAAG" VERSAMELING, 18/6 vir 6, 35/- per dosyn. KLIM- en RANKROSE, 3/- elk, 30/- per dosyn . Verpakking 1/6 ekstra.

TREURMOERBEI, geharde dubbeldoel pragsierboom, 8 vt. sterk bome, pragtige krone, 25/- en 30/- elk.

Pragtige CANARIENSIS BUITE PALMS, 7/6, 22/6, 30/-, 42/6 elk volgens grootte.

HEININGBOME, SIERBOME, STRUIKE ens. Voorrade word vinnig opgeboek, bestel gou. DEPOSITO of KONTANT moet bestellings vergesel. **Duisende** tevrede klant, vir u wag dieselfde! Vra Pryslys. (b)

## VERJAARDAGKETTING

**29 Junie:** Karel van Vollenhoven, Bethlehem; Elsjie B. van Staden, Zeerust; Jannie Boshoff, George; Dorothea van Schalkwyk, Worcester.

**30 Junie:** Jacob A. Grobbelaar, Vryburg; Marius de Jager Potgieter, Louis Trichardt; Anna C. Kilian, Middelburg, Tvl.; Pierre de Vos, Beaufort-Wes; Grace de Vos, Beaufort-Wes; Willem Burger, Montagu; Sannie Scheün, Rietbron.

**1 Julie:** Theunisina du Preez, Derby; Petronella Koen, George; Martha M. M. Theron, Merweville; Filicity Hesketh, Sutherland; Hendrika Kruger, Upington; Esther Lombard, Sheldon; Rosa Reese, Worcester; Gerrit Olivier, Port Elizabeth; Ria Rita Scholtz, Loxton.

**2 Julie:** Willem J. Botha, Wesselbron; Maria J. Schutte, Koster; Eddie Keuler, Sutherland; Abraham A. Marais, Kirkwood; N. Traut, Bellvilel-Suid; H. Mathee, Bellville; Theunis Mulder, Cradock.

**3 Julie:** Josephine Rocher, Velddrif.

**4 Julie:** Jannie Botha, Bethlehem; Theunisina van Wyk, Rustenburg; Alida Hauptfleisch, Rustenburg; Maria Cathrina Prinsloo, Koster; Stanley Oosthuizen, Stellenbosch; Esther M. du Plessis, Merweville; Fanie Durr, Malmesbury; Janetta C. Visser, Nababeep.

**5 Julie:** Daniel J. Brink, Sutherland; Joey Immelman, Sutherland; Susanna Immelman, Sutherland; Lamon Mulder, Humansdorp; Maria Grundling, Kirkwood; Cornelia M. van Rensburg, Eppingtuindorp; J. J. Preiss Carinus, Lyncdoch; Hilda Reineke, Bellville.

### ROMMELVERWERKING:

● Voordat lakens heeltemal deurgesluit is, skeur hulle middeldeur en werk die twee buite kante aanmekaar. Van die goeie dele kan kussingslope gemaak word.